Sing vooraf: Skrifberyming 17-2:3, 4 (18:3, 4)

3 Wie kan die Seun ooit ken, as net
die Vader, met Hom wesens-een?
of wie die eewge Vader ken,
as net die Seun, net Hy alleen?

4 Wie kan die eewge Wese ken,
so diep en ontoeganklik klaar?...
Alleen die mens aan wie die Seun,
die heilgeheim wil openbaar.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 89:1, 9 (p. 444)

1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie, / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.

9 My hand sal hom bewaak, bestendig dag en nag; / my arm sal hom in nood versterk met moed en krag.
Val hom die vyand aan, dit sal hul nie geluk nie; / die man van onreg sal hom nooit kan onderdruk nie;
wie hom beangstig, of dit ooit teen hom wil wae, / die sal my hand besoek met strafgerig en plae.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 69:3 (p. 342).

Wet

Psalm 69:3 (p. 342)

4 Voor U alleen wil 'k skuld bely.
My dwaasheid, ag, die klaag my aan.
Maar laat om my beskaamd nooit staan
wie op U wag. U weet ek ly
en dra my smaad geduldig-stil
om U, o HEER, om U ontwil!

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- Vergifnis:
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 2:4, 6 (p. 6)

4 En Ek, die Vors, so hoog in mag en eer,
sal Gods besluit die wêreld oor laat klink:
"Ek self (sê God) het U gegenereer:
U is my Seun, uit wie my beelt'nis blink.
Spreek dan u eis, Ek skenk dit U gewis.
En dat u troon vir ewig vas mag bly,
gee Ek die volke tot u erfenis
en wêreldwydtes tot u heerskappy.

6 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd
met blydskap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid,
buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.
Want ligt'lik kan Gods gramskap jul verteer
net soos 'n vuur, eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER,
wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

Skriflesing: Johannes 1

Teks: Johannes 1:14; Kategismus Sondag 13

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.
(Johannes 1:14 AFR1953)

Hy het heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. So skryf Johannes.

- Niemand kon voor Jesus se geboorte presies weet hoe groot en magtig Jesus sou wees nie.
- Net die Vader het dit geweet.
- Maar omdat dit aan ons geopenbaar moes word, laat die Here Johannes dit neerskryf vir die geslagte wat later gekom het – mense onder wie ons ook tel.

Tog het dit nie vir almal wat in Jesus se tyd gelewe het, gelyk of Hy so magtig is nie.

- Hy het, menslik gesien, met baie skande in die wêreld ingekom, want sy moeder het Hom verwag voordat sy getroud is.
- Daarby word Jesus in die grootste armoede gebore.
- Hy gaan ook nederig deur sy hele lewe. Dit het nie gelyk asof Hy groot was, of groot en belangrik sou word nie.

Dit is egter nie waaraan sy grootheid gemeet word nie.

- Die Here Jesus se grootheid bestaan daarin dat Hy, ten spyte van al hierdie dinge, die Seun van God is.
- Hy sal die Seun van die Allerhoogste genoem word, sê die Bybel.

Dis belangrik om dit te weet en te onthou, want as Hy nie die Seun van God is nie, het Hy ook nie die mag om ons kinders van God te maak nie. Dis ook waarvandaan sy Naam kom: Onse Here.

Wat is die mees basiese ding in jou geloof? Ons sal almal seker daarop antwoord deur te sê dat die mees basiese ding is dat ons God as geweldig groot in sy almag beskou, en dat ons Hom ook so aanbid.

- Hy het die hemel en die aarde geskape.
- Van toe af tot vandag toe onderhou Hy alles.

Maar hierdie antwoord is nie waar van alle mense wat daar is nie.

- Deur die loop van al hierdie eeue het God geopenbaar dat Hy onder die mense wat deur die tyd lewe, 'n groep uitsonder.
- Hierdie mense vergader Hy dan ook saam in sy kerk.
- Hy reël ontmoetings met sy kerk (eredienste). Tydens hierdie ontmoetings met sy kerk leer Hy hulle sy liefde en genade:
    - Hy leer hulle dat Hy hulle so liefhet dat Hy sy Seun na die aarde toe gestuur het om hulle sondes met sy toorn te versoen.
    - Dis hoe dit gebeur dat Jesus Christus sterf en ons weer kinders van God word.
    - Kom ons stel dieselfde saak in ander woorde: Dis hoe ons lede word van die Here Jesus Christus.

Daar staan in Johannes 1:12 dat die Here Jesus aan almal wat Hom aangeneem het – dit is dié wat in sy Naam glo – mag gegee het om kinders van God te word.

- Dit is 'n baie groot saak. Dit beteken dat ons daardeur die ewige lewe kry.

- Die praktiese gevolg daarvan is dat jy heelwat minder spanning in jou lewe kan hê, want ongerief en die dood kan jou hoogstens in hierdie lewe kwel, maar dit kan jou nie in die lewe hierna volg nie.
- Die ewige lewe wat Jesus Christus aan jou gee, neem heeltemal die angel uit spanning en vrees weg.

Dit alles word vir jou moontlik gemaak deur die Seunskap van die Here Jesus Christus – en die versoening wat Hy met sy menswording vir ons bewerk het.

Ons is natuurlik op ’n ander manier kinders van God as wat Jesus Christus dit is.

- Hy is die eniggebore Seun van God.
- Hy is God se ewige Seun.
- Hy is Seun op so ’n manier as wat nie een van ons dit kan wees nie, want Hy is God se natuurlike Seun – Hy is ontvang toe die Heilige Gees sy moeder Maria oorskadu het.
- Nie een van ons kom so in die wêreld in nie.

Die feit dat die Here Jesus God se ewige Seun is, *beteken dat Hy van ewigheid tot ewigheid God se Seun is.*

- Hy was dit ook voordat Hy op die aarde gebore was. Jesus was ook teenwoordig by die skepping.

Ons het dit mos in Johannes hoofstuk 1 saam gelees.

- Daar staan geskryf dat die Here Jesus van die begin af by God was, en dat Hyself God was.
- Daar staan dat alle dinge wat bestaan, deur Hom ontstaan het, en dat daar niks is wat bestaan, wat nie deur Hom ontstaan het nie.
- Hy is nooit geskape soos ons nie. Hy bestaan van ewigheid af.
- Daar is geen mag wat Hom kan keer as Hy iets wil doen nie.
    - Dit het ons duidelik gesien toe Hy besluit het dat Hy gaan sterf,
    - en nog sterker – toe Hy besluit het dat Hy uit die dood lewendig gaan word.
- Jesus die Seun van God is dus wesens een met God.

So het Hy doodeenvoudig gegaan en ons vrygemaak van die besitreg van die duiwel oor ons.

- Dis wat die engel bedoel het toe hy vir Maria gesê het dat Jesus groot sal wees.
- Dit is omdat Hy God se Seun is, terwyl Hyself God ook is, en met sy almag sy grootheid sou bevestig.

Dit is dus duidelik dat ons kindskap ook in hierdie opsig van Jesus s’n verskil.

- Ons het nie soos Hy van ewigheid af gelewe nie.
- Ons het ook nie goddelike vermoëns soos Hy wat byvoorbeeld gehelp het met die skepping nie.

Ons is saam met die skepping geskape.

- Nadat ons geskape is, kon ons nie ’n heilige verbintenis met God onderhou nie.
- Spoedig was daar die vlek en die smet van die sondeval oor ons.
- Toe was ons nie meer kinders van God nie.
- Die Seun van God moes ons eers weer terugbesorg, en deur die versoening wat Hy bewerk het, weer kinders van God maak.
- Jesus kon dit doen omdat Hy self God is.

Ons is aangenome kinders van God deur ons Here Jesus.

- Ons dra in ons kindskap letsels – ons vertoon die letsels van ons aardse ouers.
- Ons is soos hulle vol sondes en ongeregtigheid.
- Ons is afhanklik van die Here Jesus Christus se vergifnis van ons sondes om in die hiernamaals as God se kinders voor Hom te kan staan.

Ook in hierdie opsig was die Seun van God anders as ons. Hy was volmaak.

- Daarom het Hy nie vergewing van sondes nodig nie.
- Daarom bly Hy ook die Seun van God, terwyl ons dit eers weer gemaak moes word.

Al hierdie dinge maak dit duidelik dat ons die Here Jesus Christus moet aanbid.

- Natuurlik moet ons Hom nie op so ’n manier aanbid asof net Jesus alleen God is nie. Daar is godsdienste wat die Here Jesus alleen as God bely, maar dit is verkeerd!
- Ons moet God Drie-Enig aanbid: die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Maar in ons aanbidding moet ons ruimte gee vir die genade en herstel wat ons gekry het deur die Here Jesus.

Op die getuienis dat Jesus die Seun van die lewende God is, en die openbaring daarvan deur God die Heilige Gees, bou God sy Kerk.

- God die Heilige Gees soek die uitverkorenes op en bring hulle tot geloof.
- Hy lei hulle met insig en onderskeiding deur hulle daaglikse lewe.
- Hy lei hulle om hulle by ’n ware kerk te voeg – die kerk is natuurlik die uitverkorenes op die aarde.

Wie die Seunskap en die Godheid van Jesus Christus loën, word iemand sonder God – en dus iemand sonder hoop.

- Dit gaan dus in die kerk inderwaarheid oor die heerskappy van Jesus Christus.
- Hy stuur die Heilige Gees na ons toe – Hy regeer ons sodat ons ook vry mense word.
- Hy regeer ons ook daarin dat Hy in ons dood vir ons lewe voorsien, want Hy maak plek in die Vaderwoning – soos Hy dit noem – gereed.
- Daar word elkeen van ons ontvang wanneer ons uit hierdie aarde verhuis.

Die heerskappy van die Here Jesus kom ook daarin uit dat Hy ons daadwerklik van gevare beskerm.

- Nie net geestelike gevare soos die aanvegtings van die duiwel en dinge soos sielestryd en twyfel nie.
- Hy beskerm ons ook teen fisiese gevare.
    - Dit is so dat Jesus toelaat dat die duiwel ons beproef, maar dis ook net so waar dat die duiwel geen grens kan oorskry wat die Here hom oplê nie.
    - Die duiwel kan ons dus nie mateloos beproef nie.

Geliefdes, ken u die Seun van God wat al hierdie welvaart aan u besorg? Baie van ons ontvang graag van die Here, maar gee so swaar terug.

- Wat gaan u doen as u met so ’n eiesinnige geloof by u dood in die oordeel van hierdie Jesus val?
- Ons beskou so baie keer die dinge waarmee Jesus ons seën as ons reg. Genade is nie ’n reg nie, dis ’n vrye gawe van God.

Ons moet die Here eer soos die Psalmdigter dit beskryf (Psalm 72:6):

Ek sien al vorste, ryk en magtig,
wat buigend voor Hom staan,
en al die nasies wat eendragtig

Hom dien as onderdaan.
Want Hy sal die verstotelinge,
die wat geen helper het –
die stilverloorne en geringe –
sal Hy verhoor en red.

Kom ons lees Kategismus Sondag 13 saam.

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: *Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).*
(a)Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16;1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord: *Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).*
(a)1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 65:2 (p. 314)

2 Dis waar, ’n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregtighede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / ’n woonplek in u huis.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 29 Julie 2007 (aand)